

NATIONAL MUSEUM NEWS NASIONALE MUSEUM NUUS

OCTOBER
OKTOBER

1976

NO.
NR.

11

GRATIS eksemplare van hierdie ses-maandelike *Newsbriet* is verkrygbaar van:
DIE DIREKTEUR,
NASIONALE MUSEUM,
POSBUS 266,
BLOEMFONTEIN 9300

Enige inligting sowel as foto's kan oorgeneem word met erkenning van die bron.

FREE copies of this bi-annual *Newsletter* is obtainable from:
THE DIRECTOR,
P.O. BOX 266,
BLOEMFONTEIN 9300

Any information, as well as photographs may be reprinted with acknowledgement of the source.

TOEKENNING AAN UIT- GETREDE RAADSLEDE

TER erkenning van hul uitmuntende diens word lewenslange ere-lidmaatskap van die Nasionale Museum eersdaags toegeken aan twee Raadslede, professor J. J. OBERHOLSTER en mnr. C.B.D. BARRY.

Professor J.J. Oberholster, Raadslid van die Museum sedert Mei 1963 en Voorsitter vanaf November 1973 tree aan die einde van 1976 af as hoogleraar in Geskiedenis aan die U.O.V.S. Hy en sy eggenote gaan hulle op Stellenbosch vestig. Hy aanvaar eersdaags die pos van Direkteur van die Raad op Nasionaal Gedenkwaardighede en sal dus ook nog op amptelike vlak in noue verbintenis met die Museum bly.

Die verhuising bring sy uittrede mee uit die Raad van die Museum en langs hierdie weg word ook dank betuig vir die onbaatsugtige dienste wat hy gelewer het aan hierdie inrigting.

Mnr. C.B.D. Barry, 'n Raadslid van die Museum vanaf Mei 1968, het in Augustus vanjaar uitgetree. Gedurende sy dienstermyn was hy lid van die subkomitee vir finansiële aangeleenthede asook onder-voorsitter van die Raad vanaf November 1973 tot Augustus 1975. Hy het voortrefflike diens gelewer aan die Nasionale Museum en word daarvoor van harte bedank.



(P. v.d. M)

SKOENMAKER, HOU JOU BY JOU LEES!



Prof. J.J. Oberholster



(P. v.d. M)

DIE rooi sinkgeboutjie van Rivierstraat 3, Christiana wat hierbo afgebeeld is, was tot onlangs 'n baie bekende baken op die dorp. Vir veertig jaar het mnr. Jan Bekker (links), self lank reeds 'n legendariese figuur in daardie omgewing, die bedryf van skoenmaker in dié sinkgeboutjie beoefen. Nie alleen dorps- en distriksgenote nie maar ook klante en kennisse van omliggende dorpe het hom hier besoek en gesien hoe hul voetgerei voorsien word van splinternuwe blousole met 'n binnesool van oorleer. Sy selfgedraaide gare is met byewas gestryk en hy het altyd probeer om nog van die oorspronklike materiale te bekom soos dit ook deur sy vader gebruik is van wie hy sy werkmetodes en tegnieke geleer het. Die kuns van die lees, skoenspyker, leermes en els is hier tot volmaaktheid ontwikkel. Vroer dae het hy ook skoene gemaak maar het hom later net op die versool daarvan toegespits.

Helaas, die bedryf van die skoenmaker op sy tradisionele wyse is ook aan die uitsterf. Ten einde 'n realistiese weergawe van hierdie bedryf te bewaar vir die nageslag het die Nasionale Museum die hele hut met inhoud en al van mnr. Bekker gekoop. Dit word tans in die Museum gemonteer waar dit deel sal vorm van 'n straattoneel uit 'n Vrystaatse dorp uit die tydperk 1880 tot 1920. Hierdie "straat" waarin daar onder andere ook 'n tipiese dorps huis, horlosiemaker, apteek, smidswinkel en dorphuis sal pryk, sal gedurende 1977 vir besigtiging opgestel word.